| Plak asseblief die strepieskode-etiket hier | PUNTE-TOTAAL |
|---|---|
| | |

NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

# EKONOMIE

**EKSAMENNOMMER**

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | |

Tyd: 3 ure | 300 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 43 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. **Al die vrae is VERPLIGTEND.**
   AFDELING A: Vraag 1
   AFDELING B: Vraag 2, 3, 4 en 5
   AFDELING C: Vraag 6

4. Beantwoord AL die vrae in die ruimtes wat op hierdie vraestel voorsien is.

5. Beantwoord vrae, waar moontlik, puntsgewys, maar in volsinne. 'n Sistematiese aanbieding van feite word vereis.

6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

7. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.

8. Moet asseblief **nie met 'n potlood skryf nie**, aangesien werk in potlood nie nagesien sal word nie. Enige sketse of diagramme mag egter met 'n potlood gedoen word.

9. Vier skoon bladsye word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

---

**Puntetoekenning**

| V1 | V2 | V3 | V4 | V5 | V6 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | |
| **50** | **50** | **50** | **50** | **50** | **50** | **300** |

## AFDELING A MEERVOUDIGE KEUSE

## VRAAG 1

**Kies die korrekte alternatief en skryf die letter van die korrekte antwoord in die blokkie.**

| | |
|---|---|
| 1.1 | |
| 1.2 | |
| 1.3 | |
| 1.4 | |
| 1.5 | |
| 1.6 | |
| 1.7 | |
| 1.8 | |
| 1.9 | |
| 1.10 | |
| 1.11 | |
| 1.12 | |
| 1.13 | |
| 1.14 | |
| 1.15 | |
| 1.16 | |
| 1.17 | |
| 1.18 | |
| 1.19 | |
| 1.20 | |

IEB Copyright © 2021

1.1 In die kringloopmodel …

A is huishoudings verkopers in die faktormark.
B is firmas verkopers in die faktor- en die produkmarkte.
C is firmas kopers in die produkmark.
D is die buitelandse sektor 'n verkoper in die finansiële mark.

(2)

1.2 Watter beleid sal waarskynlik ekonomiese ontwikkeling in 'n ontwikkelende ekonomie bevorder, maar moontlik tot 'n afname in die tempo van ekonomiese groei lei?

A 'n Beleid om vroulike deelname in die arbeidsmark te verhoog.
B 'n Beleid om immunisasiekoerse te verhoog.
C 'n Beleid om alle finansiële instellings te nasionaliseer.
D 'n Beleid om uitvoere te bevorder.

(2)

1.3 As alle ander faktore gelyk is, wat sal waarskynlik die gevolg wees van 'n styging in rentekoerse in 'n land?

A 'n Kapitaaluitvloei uit die land.
B 'n Depresiasie van die land se geldeenheid.
C 'n Afname in verbruik.
D 'n Afname in belegging.

(2)

1.4 'n Ekonomiese resessie sal die volgende uitwerking op 'n land se fiskale beleid hê:

A 'n Styging in belasting.
B 'n Daling in belastinginkomste.
C 'n Styging in rentekoerse.
D 'n Styging in geldvoorraad.

(2)

1.5 Watter een van die volgende ekonomiese terme word gebruik om die situasie te beskryf wanneer die tevredenheid wat spruit uit die verbruik van 'n produk of diens afneem met elke bykomende eenheid wat verbruik word?

A Afnemende marginale nut.
B Marginale nut.
C Nut.
D Nutsderwing.

(2)

1.6 Wat sal 'n verskuiwing in die vraagkromme vir 'n nuwe motor veroorsaak?

A 'n Verandering in die produksiekoste van die motor.
B 'n Verandering in die prys van die motor.
C 'n Groter verskeidenheid van kleure.
D 'n Spesifieke belasting wat op die motor gehef word.

(2)

IEB Copyright © 2021 

1.7 Totale aanbod kan deur 'n regeringsbeleid van … gestimuleer word.

A verlaging van produksiekoste
B beperking van die doeltreffendheid van insette
C verhoging van burokrasie
D verhoging van staatsbesteding

(2)

1.8 'n Land het 'n bestuurde swewende wisselkoers en die sentrale bank besluit om by die valutamarkte in te gryp om die plaaslike geldeenheid te koop. Wat kan 'n rede vir hierdie ingryping wees?

A Die geldeenheid is besig om te vinnig te depresieer.
B Die waarde van die geldeenheid is te sterk.
C Die tempo van appresiasie is te vinnig.
D 'n Poging om die geldeenheid te devalueer.

(2)

1.9 Wat is heel waarskynlik die oogmerk van 'n regering wat die vlak van tariewe op ingevoerde goedere verhoog?

A 'n Daling in rentekoerse.
B 'n Depresiasie van die wisselkoers.
C 'n Styging in binnelandse indiensneming.
D 'n Styging in die algemene prysvlak.

(2)

1.10 Watter EEN van die volgende word as 'n makro-ekonomiese doelwit van die regering beskou?

A Armoedeverligting in die land.
B Ekonomiese ontwikkeling.
C Gelyke geleenthede.
D Prysstabiliteit.

(2)

1.11 Die pryselastisiteit van vraag vir 'n produk is unitêr vir alle prysreekse. Wat sal die uitwerking van 'n styging in sy prys wees?

A 'n Gelyke, proporsionele styging in die hoeveelheid wat gevra word.
B 'n Gelyke, proporsionele daling in besteding aan die produk.
C 'n Styging in die produk se persentasie van totale verbruikersbesteding.
D Geen verandering in die hoeveelheid van die produk wat gevra word nie.

(3)

IEB Copyright © 2021

1.12 'n Daling in die prys van motors veroorsaak dat die vraag na petrol met 20% toeneem. Die kruiselastisiteit van vraag tussen motors en petrol is –2. Watter verandering in motorpryse het dit teweeggebring?

| | **Van** | **Tot** |
|---|---|---|
| A | R60 000 | R50 000 |
| B | R55 000 | R45 000 |
| C | R50 000 | R45 000 |
| D | R50 000 | R40 000 |

(3)

1.13 Tabel 1 hieronder toon die totale nut wat 'n persoon bekom deur verskillende hoeveelhede van 'n produk te verbruik.

**Tabel 1: Nut**

| **Hoeveelheid van produk (eenhede)** | **Totale nut (eenhede)** |
|---|---|
| 1 | 20 |
| 2 | 36 |
| 3 | 50 |
| 4 | 62 |
| 5 | 72 |
| 6 | 80 |

Op watter verbruiksvlak sal marginale nut die laagste wees?

A 5 eenhede.
B 3 eenhede.
C 6 eenhede.
D 2 eenhede.

(3)

1.14 Die vraag na 'n firma se produk is volmaak onelasties. Wat sal die uitwerking op die firma se inkomste wees indien hy sy prys met 5% verhoog?

A Sy inkomste sal onveranderd wees.
B Sy inkomste sal met 5% styg.
C Sy inkomste sal met 5% daal.
D Sy inkomste sal tot nul val.

(3)

1.15 Bestudeer die volgende inligting en bereken die boogelastisiteit van B tot C.

| | **Prys** | **Hoeveelheid gevra** |
|---|---|---|
| **A** | 1000 | 0 |
| **B** | 800 | 50 |
| **C** | 600 | 100 |
| **D** | 400 | 150 |
| **E** | 200 | 200 |

A 4.
B 0,43.
C 3,33.
D 2,33.

(3)

1.16 Oor 'n tydperk verander die waarde van die Britse pond teen die VS dollar van £1 = $1,40 na £1 = $2,10. As alle ander faktore gelyk is, sal dit heel waarskynlik … tot gevolg hê.

A 'n daling in die VK se begrotingstekort
B 'n hoër inflasiekoers in die VK
C VK-produkte wat duurder in die VS word
D meer VS-toeriste wat die VK besoek

(3)

1.17 Wat sal die waarskynlike uitwerking van 'n styging in indirekte belasting in Suid-Afrika op vraaginflasie en kostedrukinflasie wees?

| | Vraaginflasie | Kostedrukinflasie |
|---|---|---|
| A | styging | styging |
| B | styging | daling |
| C | daling | daling |
| D | daling | styging |

(3)

1.18 Buitelandse transaksies waarvoor daar geen wedersydse uitruiling van goedere of dienste is nie, sal as … in die betalingsbalansrekening geklassifiseer word.

A huidige oordragte
B inkomstebetalings
C diensontvangste
D onopgetekende transaksies

(3)

IEB Copyright © 2021

1.19 Tabel 2 hieronder gee die persentasie van indiensneming in die primêre, sekondêre en tersiêre sektore in vier lande. Watter land is heel waarskynlik 'n ontwikkelde land?


**Tabel 2: Sektore van die ekonomie**

| | Primêre sektor % | Sekondêre sektor % | Tersiêre sektor % |
|---|---|---|---|
| A | 15 | 35 | 40 |
| B | 40 | 30 | 20 |
| C | 35 | 50 | 15 |
| D | 40 | 20 | 40 |

(3)

1.20 Figuur 1 hieronder toon BBP per uur gewerk in 2012 en 2013 in die G7-groep lande met betrekking tot die Verenigde Koninkryk.

**Figuur 1: BBP per uur**




[Bron: Kantoor vir Nasionale Statistieke]

Watter een van die volgende is die mees korrekte stelling?

A BBP per uur gewerk in die Verenigde Koninkryk, het 'n positiewe verandering tussen 2012 en 2013 getoon.

B BBP per werker was in 2012 en 2013 laer in die Verenigde Koninkryk as in Italië.

C Japan het tussen 2012 en 2013 die mees konsekwente produktiwiteit-syfers van al die lande.

D Die gaping in BBP per uur gewerk tussen die G7 (die VK uitgesluit) en die VS was onveranderd tussen 2012 en 2013.

(3)

**50 punte**

## AFDELING B

**Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.**

## VRAAG 2 MAKRO-EKONOMIE

2.1 Lees die stelling hieronder en gebruik die data in Tabel 3 om die vrae wat volg, te beantwoord.

> **Die betalingsbalans se data is vir baie gebruikers belangrik. Beleggingsbestuurders, regeringsbeleidsbepalers, die sentrale bank, sakelui, ens. gebruik almal die betalingsbalansdata om belangrike besluite te neem. Die betalingsbalansdata word deur noodsaaklike makro-ekonomiese veranderlikes soos wisselkoerse, prysvlakke, rentekoerse, werkverskaffing en BBP beïnvloed.**

[Bron: <https://corporatefinanceinstitute.com>]

**Tabel 3: Betalingsbalansrekening (miljarde)**

| Item | R miljard |
|---|---:|
| Netto gouduitvoere | 37 567 |
| Huidige oordragte | –9 798 |
| Diensbetalings | 70 424 |
| Netto portefeuljebeleggings | 21 467 |
| Handelsware-uitvoere | 432 659 |
| Inkomste-ontvangste | 35 456 |
| Netto direkte beleggings | –60 427 |
| Diensontvangste | 71 997 |
| Inkomstebetalings | 55 446 |
| Netto ander beleggings | 33 472 |
| Handelsware-invoere | 389 875 |

2.1.1 Beskryf die ekonomiese term *betalingsbalansrekening*.

(2)

2.1.2 Bereken die handelsbalans. Toon alle berekenings.

(3)

IEB Copyright © 2021

2.1.3 Bespreek kortliks die saldo op die handelsbalansrekening en die implikasies daarvan vir die koste van in- en uitvoere.

(4)


2.1.4 Bereken die saldo op die finansiële rekening en bespreek jou bevindings. Jy hoef nie jou berekenings te toon nie.

(4)

IEB Copyright © 2021

2.2 Bestudeer Figuur 2 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Figuur 2: Die kringloopmodel van 'n oop ekonomie**




[Bron: <https://www.thoughtco.com/the-circular-flow-model-of-the-economy-1147015>]

2.2.1 Noem die twee deelnemers wat uit die kringloopmodel in Figuur 2 weggelaat is.

___

___

(2)

2.2.2 **Die rentekoers is skielik van 10% na 15% verhoog.**

Ontleed hoe dit die vloei van geld in 'n ekonomie sal beïnvloed.

___

___

___

___

___

(6)

IEB Copyright © 2021

2.2.3 Bestudeer Tabel 4 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Tabel 4: Nasionale rekening-inskrywings**

| | **Miljarde rand** |
|---|---:|
| Skenkings | 21 |
| Spaargeld | 220 |
| Staatsbesteding | 722 |
| Beleggings | 551 |
| Invoere | 349 |
| Indirekte en direkte belasting | 533 |
| Uitvoere | 360 |
| Verbruikersbesteding | 490 |

Gebruik die inligting in Tabel 4 om die totale inspuitings en lekkasies te bereken. Toon alle berekenings en identifiseer elke inspuiting en lekkasie.

| **Inspuitings** | **Lekkasies** |
|---|---|
| | |

(8)

2.3 Bestudeer Tabel 5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Tabel 5: Nasionale rekeningsyfers**

| **Item** | **R miljard** |
|---|---|
| Netto bedryfsurplus | 378 310 |
| Belasting op produksie | 33 457 |
| Verbruik van vaste kapitaal | 223 543 |
| Subsidies op produkte | 6 430 |
| Vergoeding van werknemers | 640 890 |
| Belasting op produkte | 44 500 |
| Subsidies op produksie | 20 897 |

2.3.1 Watter metode om nasionale inkomste te bereken word in Tabel 5 van die nasionale rekeningsyfers gebruik?

(1)

2.3.2 Gebruik die inligting in Tabel 5 om die BBP by markpryse te bereken. Toon al jou berekenings.

(5)

IEB Copyright © 2021

2.4 Bestudeer Tabel 6 en die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Tabel 6: Saamgestelde ekonomiese aanwysers vir Suid-Afrika**

| Aanwyser | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Leidende | 11,5 | 5,7 | 6,8 | 0,9 | –5,8 | 0,9 | 0,8 |
| Saamvallende | 10,5 | 8,7 | 9,9 | 7,5 | 2,1 | –9,3 | 1,6 |
| Volg | –2,4 | 1,3 | 2,7 | 3,8 | 4,1 | –7,2 | –7,3 |

**Die aantal handelsvoertuie wat verkoop is, het effens gestyg terwyl die werkloosheidskoers marginaal van 27,1% na 27% gedaal het. Terselfdertyd het uitvoervolumes begin styg.**

2.4.1 Gebruik die inligting hierbo en kategoriseer handelsvoertuie, die werkloosheidskoers en uitvoervolumes volgens die toepaslike saamgestelde ekonomiese aanwysers.

(3)

2.4.2 Interpreteer die tendens van die leidende aanwyser van 2017 tot 2019.

(2)

2.4.3 Noem en verduidelik die fiskale en monetêre beleide wat gedurende hierdie tydperk aanbeveel kan word.

(10)
**[50]**

IEB Copyright © 2021

## VRAAG 3 MIKRO-EKONOMIE

3.1

| |
|---|
| **Bedryfstelsels vir slimfone en rekenaars verskaf uitstekende voorbeelde van oligopolieë. Apple iOS en Google Android domineer slimfoonbedryfstelsels, terwyl rekenaarbedryfstelsels deur Apple en Windows oorskadu word.** |

[Bron: <https://www.investopedia.com>]

3.1.1 Beskryf die term *markmislukking*.

(2)

3.1.2 Noem DRIE kenmerke van oligopolieë.

(6)


3.1.3 Bespreek krities TWEE redes hoekom oligopolieë nadelig vir 'n ekonomie kan wees.

(4)

3.1.4 Noem TWEE oogmerke van die Mededingingskommissie in Suid-Afrika en ontleed kortliks of hierdie organisasie suksesvol was in die bereiking van sy oogmerke of nie.

(6)

3.1.5 Verduidelik met behulp van die Lorenz-kromme hoekom onvolmaakte inkomsteverdeling een van die belangrikste oorsake van markmislukking en armoede in Suid-Afrika is.




(8)

IEB Copyright © 2021

3.2 Bestudeer Figuur 3 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Figuur 3: Maksimum prys**




[Bron: <http://ingrimayne.com/econ/perfectcomp/PriceAsRationer.html>]

Verduidelik hoekom 'n regering by 'n ekonomie sal ingryp via 'n maksimumprys en ontleed die sukses van hierdie vorm van staatsingryping.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

(6)

3.3 Bestudeer die inkomsteskedule in Tabel 7 en beantwoord die vrae wat volg.

**Tabel 7: Inkomsteskedule**

| Hoeveel-heid | Prys | Totale koste | Totale inkomste | Marginale inkomste | Marginale koste | Wins |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 0 | 5 | 9 | 0 | | | |
| 1 | 5 | 10 | 5 | | | |
| 2 | 5 | 12 | | | **C** | **D** |
| 3 | 5 | 15 | | **B** | | |
| 4 | 5 | 19 | | | | |
| 5 | 5 | 24 | | | | |
| 6 | 5 | 30 | **A** | | | |
| 7 | 5 | 35 | | | | **E** |

3.3.1 Bereken **A** tot **E**. Jy hoef nie jou berekenings te toon nie.

(5)

3.3.2 Noem die wins wat by **E** gemaak word.

(2)

IEB Copyright © 2021

3.4 Bestudeer Tabel 8 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Tabel 8: Ramings van pryselastisiteit van vraag en inkomste-elastisiteit van vraag in die Suid-Afrikaanse brandstofmark.**

| **Inkomste-elastisiteit** | |
|---|---|
| **Petrol** | **Diesel** |
| +1,9 | –1,36 |


3.4.1 Omskryf die begrip *inkomste-elastisiteit van vraag*.

(2)

3.4.2 Gebruik die inligting in Tabel 8 en interpreteer die inkomste-elastisiteitsyfers vir petrol en diesel.

(4)

3.4.3 Gebruik SLEGS 'n aanbod-en-vraaggrafiek om die uitwerking te toon wat 'n styging in inkomste op die prys en die hoeveelheid verkoop van 'n minderwaardige produk sal hê.



(5)

**[50]**


IEB Copyright © 2021

## VRAAG 4 Kontemporêre EKONOMIESE KWESSIES

4.1 Bestudeer Figuur 4 en beantwoord die vrae wat volg.

**Figuur 4: VPI-inflasie van Suid-Afrika in 2019 (jaarlikse grondslag)**

**Die gemiddelde inflasie van Suid-Afrika in 2019: 3,99%**




[Bron: <https://www.inflation.eu>]

4.1.1 Beskryf die ekonomiese term *inflasie*.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (2)

4.1.2 Gebruik die inligting in Figuur 4 en bespreek kortliks of die Suid-Afrikaanse Reserwebank met die 2019-tendens tevrede sal wees.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________ (4)


4.1.3 In watter mate kan *deflasie* as 'n ekonomiese probleem beskou word?

(4)

IEB Copyright © 2021

4.2 Bestudeer Figuur 5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Figuur 5: Brandstofinflasie**




[Bron: *Department of Energy* <www.energy.gov.za>]

4.2.1 Met verwysing na Figuur 5, bespreek kortliks TWEE moontlike redes vir die tendens in brandstofinflasie van 2008 tot 2018 in Suid-Afrika.

(4)

4.2.2 Ontleed die uitwerking van brandstofinflasie op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

(8)

4.3

> **In die afgelope paar dekades het Suid-Afrika se ekonomie begin om minder op nywerhede soos mynbou en landbou staat te maak en om meer op die dienssektor staat te maak. Die land se arbeidsmark en onderwysstelsel het egter nie met dieselfde spoed aangepas nie.**

[Bron: <https://www.fin24.com>]

Bespreek, met behulp van voorbeelde, die volgende faktore breedvoerig en hoe dit die Suid-Afrikaanse arbeidsmark en die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die algemeen geraak het:


- Stakings
- Arbeidswette
- Tegnologie (vierde nywerheidsrevolusie)

IEB Copyright © 2021

(15)

4.4 Bestudeer Figuur 6 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Figuur 6: Suid-Afrikaanse uitvoere**




[Bron: <https://tradingeconomics.com>]

4.4.1 Volgens die inligting in Figuur 6, wanneer was Suid-Afrika se uitvoere die hoogste?

(1)

4.4.2 Deur jou kennis van kontemporêre ekonomie te gebruik, bespreek kortliks TWEE moontlike redes vir 'n daling in uitvoere.

(4)

4.4.3 Ontleed hoe 'n styging in uitvoere 'n land se indiensnemingskoers kan verhoog.

(4)

4.5 "IMF besnoei SA se ekonomiesegroeivooruitskatting"

Verduidelik kortliks hoe die Suid-Afrikaanse regering 'n vraagkantbenadering kan gebruik om ekonomiese groei te stimuleer.

(4)
**[50]**

## VRAAG 5 GEMENGDE VRAE

5.1

**Moody's waarsku oor die fiskale invloed van Eskom**

Die Suid-Afrikaanse begroting het R23 miljard ter ondersteuning van die Eskom-elektrisiteitsverskaffer vir elk van die volgende drie jaar belowe. Moody's hou Eskom en ander Suid-Afrikaanse semi-staatsinstelling fyn dop. Indien Moody's Suid-Afrika afgradeer, sal die gevolge verskriklik wees.

[Bron: Aangepas uit <https://www.businesslive.co.za]

5.1.1 Waarna verwys "Moody's" in die uittreksel hierbo?

________________________________________

________________________________________

(2)

5.1.2 Daar word na "Moody's" en "Eskom" in bostaande uittreksel verwys. Evalueer in watter mate hulle 'n gevaar vir die Suid-Afrikaanse ekonomie inhou.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________


________________________________________

(8)

IEB Copyright © 2021

5.1.3 Bestudeer Figuur 7 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Figuur 7: Minimum prys**




[Bron: <www.economicshelp.org>]

(a) Met verwysing na Figuur 7, verskaf TWEE redes hoekom die Suid-Afrikaanse regering 'n minimumprys vir Eskom-elektrisiteit sal implementeer.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (4)

(b) Met verwysing na Figuur 7, evalueer die sukses van hierdie vorm van staatsinmenging. Noem spesifiek die positiewe en negatiewe uitwerking op Eskom.

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________


______________________________________________________________

______________________________________________________________ (6)

IEB Copyright © 2021 

5.2 Bestudeer Figuur 8 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Figuur 8: Grafiek van buitelandse valuta**




Bespreek kortliks TWEE moontlike redes vir die verskuiwing in vraag van D na D1 in bostaande grafiek.

(4)

5.3 Beskryf kortliks die verskil tussen die volgende begrippe:

5.3.1 'n Vryswewende wisselkoersstelsel en 'n vaste wisselkoersstelsel.

(4)


IEB Copyright © 2021

5.3.2 Invoerkwotas en invoerdeposito's.

(4)

5.4 Bestudeer Spotprent 1 hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**Spotprent 1: Brexit**




[Bron: <https://www.autoindustrylawblog.com/wpcontent/uploads/sites/8/2019/01/brexit1.png>]

Brexit is in Februarie 2020 gefinaliseer. Ontleed die moontlike handelsinvloed van Brexit op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

(6)

5.5 Bestudeer die maatskaplike en ekonomiese prestasie-aanwysers in Tabel 9 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**Tabel 9: Suid-Afrika se maatskaplike en ekonomiese prestasie-aanwysers**

| Aanwyser | Eenheid | Huidige | Vorige |
|---|---|---|---|
| Totale invoere | USD miljoene | 7 902,5 | 7 209,9 |
| Saldo op lopende rekening | USD miljoene | –4 790,7 | –2 524,8 |
| In diens geneemde persone | Persoon | 16 377,5 | 16 171,0 |
| Reële BBP-groei | % | 1,82 | 1,53 |
| Staatskuld tot BBP | % | 53,1 | 51,0 |
| Nominale BBP-groei | % | 6,97 | 6,42 |
| Verbruikersvertroue | %-punt | 22 | 26 |

[Aangepas uit <https://www.ceicdata.com>]

5.5.1 Verduidelik die inskrywings *diensontvangste* en *inkomste-ontvangste* in die lopende rekening van die betalingsbalans.

(4)

IEB Copyright © 2021

5.5.2 Volgens Tabel 9 is die verandering in *nominale* en *reële BBP-groei* positief. Verduidelik die verskil tussen hierdie twee aanwysers.

(4)

5.5.3 Ontleed die uitwerking van die verandering in *totale invoere* op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

(4)
**[50]**


**200 punte**

## AFDELING C

## VRAAG 6 DATARESPONS


6.1 Bestudeer Bron 1 en 2 en beantwoord die vrae wat volg.

**Bron 1**




[Bron: <https://www.fin24.com/PartnerContent/infographic-budget-2019-at-a-glance-20190221>]

**Bron 2**




[Bron: <https://www.fin24.com/PartnerContent/infographic-budget-2019-at-a-glance-20190221>]

IEB Copyright © 2021

6.1.1 Met spesifieke verwysing na die inligting wat in Bron 1 verskaf is, beskryf die ekonomiese term *begrotingstekort*.

(4)

6.1.2 Verduidelik hoe BBP-groei van 1,5% bereken word en dui aan of die Suid-Afrikaanse regering met hierdie syfer tevrede behoort te wees.

(4)

6.1.3 Met verwysing na Bron 2, verskaf 'n toepaslike rede vir die *skulddienstendens* van 2018/19 tot 2021/22.


(2)

6.1.4 Met verwysing na Bron 2, verduidelik die ekonomiese term *netto leningskuld as % van BBP* en lewer kommentaar oor die uitwerking van hierdie skuld op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

(4)

6.2 Bestudeer Bron 3 en 4 en beantwoord die vrae wat volg.

**Bron 3**




**Bron 4**




[Bron: <https://www.fin24.com/PartnerContent/infographic-budget-2019-at-a-glance-20190221>]

6.2.1 Evalueer die sukses van die verhoogde sondebelasting wat in Bron 3 geïllustreer is.

(6)

6.2.2 Met verwysing na Bron 4, noem die besteding (behalwe vir die kombinasie van gesondheid en maatskaplike beskerming) wat die hoogste prioriteit sal ontvang en verduidelik hoekom hierdie besondere besteding in elke begroting die afgelope drie jaar begunstig is.

(6)

6.2.3 Verwys na Bron 4 en evalueer die uitwerking van die verskillende belastingstygings op sowel staatsinkomste as die vermenigvuldiger.

(8)

6.2.4 Volgens Bron 4 dra BTW 25,3% tot die begrotingsinkomste by.

Verduidelik hoekom die minister van finansies meer goedere wat van BTW vrygestel is by sy begrotingstoespraak sal insluit. Verskaf TWEE voorbeelde van hierdie goedere.


(4)

6.2.5 Is die persoonlike belasting in Bron 4 'n progressiewe, regressiewe of proporsionele belasting? Verduidelik jou antwoord.

(4)

IEB Copyright © 2021

6.2.6 Teken die Laffer-kromme en verduidelik die verhouding tussen belastingkoerse en belastinginkomste.



(8)
**[50]**

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

**BYKOMENDE SPASIE (ALLE vrae)**

**ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2021

IEB Copyright © 2021

IEB Copyright © 2021